

Swyg is nog verskoonbaar maar onboet- vaardigheid nooit

Skrifgedeelte: Lukas 12:4-12

Fokusgedeelte: Lukas 12:10

Die duidelike opdrag wat die Here aan sy dissipels en sodoende ook aan ons elkeen gegee het, is: "Julle sal my getuies wees ..." (Luk. 24:48; Hand. 1:8). Boonop het Hy die versekering gegee dat ons as sy dissipels hierdie getuigwerk nie uit eie krag hoef te doen nie: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom ..." (Hand. 1:8). Die Heilige Gees sal vir elke getuie van Christus in tye van nood en vervolging leer wat gesê moet word (Luk. 12:12).

Ons is soms bang om te praat en ons kan selfs, soos Petrus, in 'n situasie beland waar ons die Here Jesus verloën. Sulke skandelige optrede kan egter vergewe word, soos Petrus vergewe is (vgl. Joh. 21:15-19). Daar is egter een sonde wat nie vergewe word nie, en dit is laster teen die Heilige Gees.

Toe die Here Jesus teen dié sonde gewaarsku het, het Hy die Fariseërs in die oog gehad. Hulle het by verskeie geleenthede sy werk as die Christus aan die duiwel en sy bose magte toegeskryf (vgl. Luk.

11:15; Mark. 3:22; Joh. 7:20; 8:48-53). Hoewel hulle kon sien wat Hy doen en hoor wat Hy sê, was hulle verstok in hulle denke en onbekeerlik in hulle optrede. Hulle het die werk van die Heilige Gees, wat hulle na bekering en 'n nuwe lewe in Christus wou lei, doelbewus weerstaan. Sulke onbekeerlikheid is altyd onverskoonbaar (vgl. Heb. 6:4-8; 10:26-31).

Ons het die Heilige Gees ontvang sodat ons die opdrag om te getuig, kan uitvoer. Kom ons doen die werk met oorgawe sodat sy koninkryk kan kom.



Publikasie
Publication



Nr./No.: E29